trinitas

Baie welkom by Trinitas!
*Ons sien onsself as **'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is**.*
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

1 Verlos

SONDAG 7 JUNIE 2015

OGGEND 09:00

Welkom aan Werner Brotherton wat die oggenddiens lei.

Hoe kan ons vir seker weet dat ons kinders van God is?

Teks: 1 Johannes 1:1-10 en 2:18-3:3
Fokusverse: 1 Johannes 3:1 en 2

AAND 18:00

Al hoe nader

Teks: Psalm 23
Oorsig:
Die lewe is 'n reis. 'n Mens gaan deur allerhande fases. Kindwees, Tienerwees, Jong volwassene, Ouerskap, Ouderdom. Deur hierdie tye ontwikkel mens en groei mens. Dit is vir ons normaal, ons is daarvan bewus en verwag vordering. Daarom is dit so vreemd dat ons dikwels dink dat God nie langs hierdie pad sy band met ons as sy kinders wil ontwikkel nie. Psalm 23 sal jou help om te weet waar jy trek en waarheen Hy met jou op pad is.

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag 9 Junie
Aandbybelstudie 19:00
Woensdag 10 Junie
Oggendbybelstudie 09:00
Vrydag 12 Junie
Manne-oggend 05:45

Gedagte



2 Familie

LIEF EN LEED
Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Dolf Jonker (0845066464) is ontslaan uit die hospitaal.
- Ons innige meegevoel met Roelof du Plooy (0747235259) en gesin met Alta se afsterwe die afgelope week.
- Charlene Visser (0825188432) gaan Maandag vir 'n mangeloperasie in Cormed.
- Dawid du Plessis (0833040977) is steeds onder sedasie in Emf. Medi-Clinic.
- Theuns Odendaal (0833051373) gaan Donderdag na Emf. Medi-Clinic om sy vinger reguit te maak asook vir 'n morfieninspuiting in sy rug.
- Ina Swanepoel (0823746391) is in Emf. Medi-Clinic met longontsteking en bronchitus.
- Kobus Bester (0837640063) is in Morningside hospitaal opgeneem met 'n septiese pinkie.

Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.

VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

07/06	Bradley Thompson	☎0169324904
08/06	Babie Buys	☎0724220576
09/06	Karin Baker	☎0829243827
09/06	Wanda Burger	☎0742053001
09/06	Christa Snyman	☎0823253806
09/06	Anna Venter	☎0721229328
10/06	Albert Venter	☎0169322257
12/06	Marietjie Greeff	☎0823230333

12/06	Hannetjie Kok	☎0834179032
12/06	George Nieuwoudt	☎0825692382
12/06	Minke Visser	☎0729025382
13/06	Mike Lubbe	☎0836653627

SPESIALE VERJAARSDAE
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS
11 Jun. Theuns en Marthina Odendaal, 27 jaar.

ATTESTATE/BEWYSE
Word afgekondig.

BYBELSTUDIE
Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstraat 16).

NUWE LIDMATE
Die diakonie is aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. By die Welkomhoekie in die saal is 'n boek waarin jy al jou besonderhede kan aanteken.

HUISBESOEKVORMS
Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of Die **Helper** se kassie by die kerk se hoofingang.

3 Dienskneg

ORRELBEGELEIDING
09:00 – Nannes vd Walt

OUDERLINGE AAN DIENS
07/06 – Corrie Botha en Dolf Jonker
DIAKENS AAN DIENS
07/06 – Erik Smid en Theuns Odendaal

KOSTER AAN DIENS
07/06 – Elsa
14/06 – Theuns

DATABORDDIENS
Behartig deur die Tegniese span.

KOLLEKTES
Onder die erediens vir die Diakonale Kas
07/06 – SAVF Shelter
14/06 – Instandhouding van erediens

ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS
Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, 0828111990, vir inligting (*Preektekste sal Sondae na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees).*

OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD
Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

GEHOORAPPARATE
Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word.

BYBELS EN PSALMBOEKE
Maak gerus tydens die erediens gebruik van die Bybels en Psalmboeke op die tafel in die voorportaal. Lidmate wat wil, kan nog Bybels en groen Psalmboeke skenk en op die tafel plaas vir erediensgebruik.

TEESKINK
Vanoggend skink Lynette Roelofse se groepie. Sondag 14 Junie sal daar geen tee wees nie, dis langnaweek. Sondag 21 Junie skink Theuns Odendaal, dis dan ook die laaste teeskinkbeurt vir die kwartaal. **Anette van der Walt, 0845334548, is die sameroeper van hierdie diensgroep.**

KLEUTERKERK
Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer. Alle kleuters van 2-6 jaar is welkom. Mammas van tweejariges kan dit saam bywoon. Kontak Louise Venter, 0833022716, indien jy geroepe voel om deel te vorm van die Kleuterkerkspan.

DR. FRANS MINNIE
Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.** Kontak die Kerkkantoor vir afsprake.
Donasies kan inbetaal word by:
FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04,
Takkode: 250-945.

KRUIDENIERSWARE BENODIG
Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop: Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **(Plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis –** Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

Die diakonie vra dat die gemeente die vrymoedigheid sal hê om gebruik te maak van **Die Helper**. Dit is 'n *diens* wat ons aan die gemeente bied. Vir hulp van enige aard, kontak asb. die diakonie of los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal. Kontak André Smith, 0844627830 of Lozanne Roos, 0823353539.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
"Naina en Fafa is sendelinge in Madagaskar wat ons ondersteun. Hulle het pas begin met hulle Bybelskool! Bid asb. vir hulle volharding en ander behoeftes met so 'n nuwe projek."
Op *Facebook* "Naina, Fafa and Mirado".
Indien jy 'n bydrae wil lewer:
Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748.

HERWINNING
Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal

sorteer, maar daar is ook instruksies wat presies sê wat in watter houer gegooi kan word. Moet asb. nie inkopiesakke bring nie, dit word nie opgelaai nie en lê dan rond. (Oortollige inkopiesakke kan aan die diakonie of aan die kospakkie-diensgroep geskenk word.) Sakke met herwinnings-materiaal kan Maandae tot Vrydae tydens kantoorure of Sondae voor en na die eredienste afgelaai word by die herwinningsarea agter die katkisasie-lokale. Kontak Maureen van Helden, 0823922093.

PIKININI BREIPROJEK
Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan die diakonie ook geplaas word). Kontak Jackie Kleynjan, 0833814020.

Kontakpersoon:
Hardus Visser,
0828215642.

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR JUNIE

- 9 Junie, Kerkraadsverg. 19:00
- 16 Junie, Jeugdag
- 26 Junie, Skole Sluit

GKSA NUUS

OP DIE KENNISGEWINGBORD
- FEBA Radio
- Geopende Deure; *opendoors.org.za*
- Kruispad nuus
- Transoranje Nuusbrief Junie
- Platsak Staptoer in Israel
- Instituut vir Christelike Onderwys Nuus
- Biltongfees GK Potch. Mooirivier 19 Junie
- Konferensie oor Opbou en Uitbou van die Kerk - GK Brooklyn, 20 Junie.

KRUISPAD
Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA (www.kruispad.net). Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.
Kostes: R116 (gedruk)/R85 (elektronies). Stuur 'n e-pos aan kantoor@kruispad.net indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

ADVERTENSIEBLAD
Lidmate wat gratis in die jaarlikse Advertensieblad wil adverteer, kan hul advertensies na die kerkkantoor e-pos.

FAMILIE-PROJEK
Ons is baie bly oor die groot reaksie op die voorgestelde nuwe "Familie-projek"! Ons beplan gemaklike sitruimte, skadu teen die son en 'n speelarea vir die kinders. Die oorhoofse doel is om vir die nuwe oplewing in die gemeente sou gou as moontlik 'n gemaklike omgewing te gee om verder wortel te skiet. Dit gaan oor die nodigste fasiliteite wat dit vir almal lekkerder maak om langer te kuier en ons verhoudinge met mekaar te bevorder. Ook om besoekers gasvry te ontvang en maklik te laat inskakel. Die projek val daarom saam met ons

kwartaaltema "Familie". Ons wil vra dat as lidmate enige voorstelle het hoe ons die projek kan verbeter, hulle met Hardus Visser of enige ouderling sal gesels. Daar is reeds die basiese projekbuitelyn wat die nodigste wil regkry op die mees bekostigbare manier wat die kerkraad kon bedink. Daar is allerhande uitdagings om te oorweeg soos stormwaterafvoer, behoud van veeldoeligheid van die grasperk, toegang tot katkisasielokale, nut vir alle seisoene en dan ook bekostigbaarheid. Natuurlik is daar altyd ruimte vir verbetering en ons hoor graag almal se insette. As daar iets is waaroor iemand dalk bekommerd mag wees, moedig ons hulle aan om navraag daaroor te doen of dit onder ons aandag te bring. Ook om jou hulp en kundigheid aan te bied, as jy dink jy kan help.
Ons wil graag as familie hierdie projek saam aanpak tot bevordering van ons roeping en Jesus eer in die manier waarop ons dit doen. Kom ons deel ons gedagtes en gawes vir hierdie verdienstelike projek!
Familie-groete: Griffel

WITOLIFANTVERKOPING GELDE
Baie dankie aan elkeen wat iets vir die wit olifantverkopings gebring het of iets daar kom koop het. Die Gasvryheid-diensgroep het met die twee verkopings R12 324,10 ingesamel. Meer as R7 690,74 is reeds bestee aan infrastruktuur vir die gemeente soos bv. 'n wasmasjien en saphouers.
Die boeke wat na die verkoping oor gebly het, is verkoop aan 'n tweedehandse boekwinkel en die klere word geskenk aan verskillende groepe soos die Koningskinders, Diakonie en GK Sharpeville. Die huisraad en elektroniese goed wat oorgebly het, is ook aan GK Sharpeville geskenk. Sharpeville het op hulle beurt ook nog goed ingesamel en self 'n verkoping gehou waar hulle meer as R4 000,00 vir hul gemeente ingesamel. Op hierdie manier kon ons ook liefde bewys aan ons buurgemeente.
Groete: die Gasvryheid-diensgroep

SUSTERSGELDE
Baie dankie aan die dames wat steeds sustersgelde betaal. Ons wil dit net weer eens noem dat die bydraes in die Gasvryheid-diensgroep se rekening betaal word, aangesien die susters se take nou deur verskillende diensgroepe verrig word. Bydraes is dus nie meer betaalbaar nie, maar welkom indien jy nog wil.

MEDEWERKERS
Dankie vir die lidmate wat reeds hul name opgegee het. Iemand sal binnekort kontak maak met jou. Die wykslyste is in die saal teen die wit muur opgeplak, die betrokke ouderling word ook daarop aangetoon. Kontak gerus u ouderling of Alan Brotherton, 0834685243, indien u vrae het.

Hier volg 'n 'dankie-sê-brief' van Sharpeville gemeente aan Trinitas:
Dear Trinitas
Better late than never.
On behalf of the above-mentioned congregation, we express our

congregation's heartfelt gratitude and thanks for the donation of goods to our church. This went a long way to bolster our efforts at accumulating some funds for the benefit of our Sunday School-children. For your information, we held some sort of a "basaar" on the 1st of May 2015 and raised over R4 000,00.
Many thanks and best regards
On behalf of the congregation
M.A. Chaka (Scribe)

ONTGIFTING

Die kerkgebou word Dinsdag ontgif. Hier sal dus geen personeel beskikbaar wees nie.

GETUIENIS TEENOOR DIE REGERING

Hierdie brief is deur die GKSA tesame met die NGK en NHK aan die regering gerig:

TUSSENKERKLIKE RAAD (SEDERT 1943) OPE BRIEF AAN DIE ANC

1 Junie 2015

Geagte mnr Mantashe en lede van die ANC-leierskap

Insake die ANC-uitnodiging tot gesprek op 9 Junie 2015

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het kennis geneem van u uitnodiging om op Dinsdag 9 Junie 2015 met die leierskap van die African National Congress (ANC) in gesprek te tree. Ons het daarvan kennis geneem dat die uitnodiging ook aan ander Afrikaanse burgerlike organisasies gerig is. Die drie Kerke het besluit om nie individueel op die uitnodiging te reageer nie, maar wel gesamentlik deur middel van die Tussenkerklike Raad (TKR). Sedert 1943, met die totstandkoming van die Interkerklike Kommissie, is die NGK, NHKA en GKSA formeel met mekaar in gesprek. Die eenheid wat tussen die Kerke bestaan, word sigbaar in gestruktureerde samewerking op verskillende terreine, onder andere in ons openbare getuienis. Sedert 2004 word die Kerke se gesamentlike optrede en getuienis deur die TKR gekoördineer. Alhoewel 'n baie groot deel van hierdie drie Kerke se lidmate uit Afrikaanse en blanke lidmate bestaan, het ons ook lidmate uit ander taal-, kulturele en etniese gemeenskappe. Ons is nie maar net deel van die Afrikaanse burgerlike samelewing nie. Die TKR het na ontvangs van u uitnodiging by verskeie geleenthede besin oor deelname aan die gesprek.

Ons is diep bewus van die kerk se profetiese roeping. Die kerk móét getuig van die versoening in en deur Jesus Christus en die implikasies daarvan vir die Suid-Afrikaanse samelewing, onder andere die handhawing van reg, geregtigheid en menswaardigheid. Daarom het die TKR aanvanklik besluit om die uitnodiging tot gesprek te aanvaar. Die jongste verwikkelinge rondom die Nkandla-verslag het die TKR genoodsaak om sy deelname aan die gesprek van 9 Junie te heroorweeg. Die misbruik van regeringsinstellings om die persoonlike verryking van pres Zuma vanuit openbare fondse te kondoneer en hom van persoonlike aanspreeklikheid te vrywaar, is na ons mening immoreel en bevorder sistemiese korrupsie in staatsinstellings. Die ANC se gebrek aan morele leierskap met dié aangeleentheid bemoeilik die komende gesprek, omdat die TKR slegs op grond van bepaalde morele uitgangspunte met u in gesprek sou kon tree. Wedersydse erkenning van basiese morele uitgangspunte is na ons mening noodsaaklik vir enige toekomstige gesprek tussen die ANC, kerke en burgerlike

organisasies. In die lig hiervan het die TKR besluit om nie u uitnodiging tot gesprek te aanvaar nie. Die TKR is diep verontrus oor die morele ineenstorting wat die afgelope tyd toenemend in staatsinstellings sigbaar word. Die TKR is verder bekommerd oor die ANC-regering se onwilligheid om die morele krisis met konkrete handelinge aan te pak.
Voorbeelde wat die huidige moraliteitskrisis illustreer, is die volgende:

- Xenofobiese uitsprake teenoor minderheidsgroepe in Suid-Afrika, onder andere wanneer ANC-leiers na sulke groepe verwys as 'the other', 'colonialists of a special kind' en 'die oorsaak van al die probleme in Suider-Afrika sedert 1652'.
- Uitsprake van ANC-leiers ondermyn grondwetlike meganismes soos die Openbare Beskermer.
- Minagting van uitsprake van die hof bring die onafhanklike funksionering van die regbank en die bestaan van Suid-Afrika as 'n regstaat in die gedrang.
- Politieke inmenging en magsmisbruik in burgerlike organisasies en semi-staatsinstellings is aan die orde van die dag.

Die TKR is diep verontrus oor ANC-uitsprake wat die gesag van die Grondwet van Suid-Afrika, ingeslote die Handves van Regte, ondermyn. Die huidige morele krisis lei tot 'n gebrek aan inklusiewe taal en sosiale kohesie, die stelselmatige agteruitgang van infrastruktuur, toename in rassekonflik, sistemiese korrupsie en swak administrasie wat onder andere die lewering van maatskaplike en ander dienste aan die armstes van die armes ernstig benadeel. Die TKR beplan om die gesprek oor moraliteit en integriteit met ander kerke in Suid-Afrika, ekumeniese liggame asook burgerlike organisasies voort te sit en hulle op te roep tot mobilisering in dié verband.
Die TKR sou bereid wees om met die ANC in gesprek te tree indien bogenoemde sake 'n wesenlike deel van die agenda sal uitmaak en die gesprek *met ons as Kerke* plaasvind. Ons wil u graag in dié verband uitnooi.
Vriendelike groete
Prof. Nelus Niemandt en dr. Kobus Gerber namens die Nederduitse Gereformeerde Kerk
Dr. Wim Dreyer en ds. Leon Geel namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika
Ds. Cassie Aucamp en prof. Nico Vorster namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

KONTAK ONS
www.gktrinitas.co.za
GKTrinitas
Kerkkantoor:
Elsabé Muller
☎0169825017 / 0724874258
kantoor@gktrinitas.co.za
Faks no.: 086 219 5728
Kerkkantoortye:
Maandag tot Donderdag
Tye: 08:00 tot 13:00
Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)
Skriba:
Gerrit van Wyk 0823328550
Kosters:
Theuns Odendaal 0832561387
Elsa Prinsloo 0794778699
Orrelis:
Nannes van der Walt 0833041841
Bankbesonderhede van kerk:
Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas
ABSA Tjekrekening 530340449
Predikant:
Griffel van Wyk
☎ 0169324615 / 0823543726
Adres: Ogilviestraat 6, SE2
Vanderbijlpark
e-pos: griffel@gktrinitas.co.za